## Les 26 JOSEF SE BROERS SORG VIR HULLESELF

### 1. Josef se broers onthou en baklei

Verlede keer het ons gesien dat Christene vergeet en werk. Hulle vergeet van die kwaad wat mense hulle wil aandoen. Hulle doen die werk wat die Here vir hulle gee om te doen.

Josef se broers het nie geglo dat God vir hulle sorg nie. Daarom wil hulle die kwaad wat hulle glo ander mense aan hulle wil doen, onthou sodat hulle 'n rede kan hê om met hulle te kan baklei. Kyk hoe onthou Josef se broers sodat hulle kan lus wees om te baklei:

*"[18]Hulle het hom al van ver af gesien en voor hy by hulle gekom het, het hulle ooreengekom om hom dood te maak. [19]Hulle het naamlik vir mekaar gesê: "Kyk, daar kom die ou dromer aan. [20]Kom ons maak hom dood en gooi hom in 'n put. Ons kan sê 'n roofdier het hom opgevreet. Dan sal ons sien wat word van sy drome."* (Gen. 37)

Hulle onthou Josef se droom en hulle dink Josef wil groter en sterker wees as hulle. Hulle glo nie dat die Here vir Josef gewys het wat Hy vir Josef gaan doen om hulle te help nie. Daarom wil hulle baklei en Josef doodmaak.

### 2. Josef se broers glo elkeen sorg net vir homself

Dit is hoe mense maak as hulle nie glo dat God vir hulle sorg nie. Hulle wil net vir hulleself sorg. Mense wat glo elkeen moet maar net vir homself sorg, glo nie dat mense aan God behoort nie. Daarom kan hulle sommer besluit om iemand se lewe van hom weg te vat.

Dit noem ons geweld. Geweld is om te glo niemand behoort aan God nie en jy mag maar met mense maak net soos jy wil. As hulle swak is, of min is, dan kan jy hulle seermaak of doodmaak.

Hulle glo nie dat God die Almagtige Skepper is en dat God met Sy krag, Sy kinders versorg nie. Hulle voel dat niks en niemand iets aan hulle kan doen as hulle geweld teen ander mense gebruik nie.

### 3. Josef se broers glo dat hy hulle gaan terugkry

Kyk wat gebeur as sulke mense nie meer die sterkste is nie!

*"[14]Na die begrafnis is Josef en sy broers en almal wat met hom saam is om sy pa te gaan begrawe, terug Egipte toe.[15]Na hulle pa se dood het Josef se broers gevra: "En as Josef nog steeds 'n grief teen ons het en ons nou gaan terugbetaal vir al die kwaad wat ons hom*

*aangedoen het?"*[16]*Daarom het hulle 'n boodskap na hom toe gestuur: "Voor sy dood het u vader beveel:* [17]*'Julle moet vir Josef vra om tog die groot misdaad teen hom, die onreg wat julle hom aangedoen het, te vergewe.' Vergeef ons tog nou die misdaad. Ons dien ook die God van u vader."Josef het gehuil oor wat hulle vir hom laat weet het.* [18]*Daarna het die broers na Josef toe gegaan en voor hom op hulle knieë geval en gesê: "Hier is ons voor u. Ons is u slawe."* (Gen. 50)

Nou is Josef koning en hulle is maar net besoekers in 'n vreemde land. Hulle dink Josef gaan nou net vir homself sorg. Hy gaan nie aan hulle dink nie en hulle nie help nie. En nog erger. Hulle dink Josef gaan hulle nou terugkry omdat hulle hom eers wou doodmaak, toe in 'n put gegooi het, en toe as 'n slaaf verkoop het om homself te gaan doodwerk in Egipte.

Kyk wat doen hulle. Hulle het Josef as slaaf verkoop. Nou gaan hulle na hom toe en val voor hom neer en vra of hulle sy slawe kan wees.

**4. Onthou en oorgee**

Lyk hierdie nog soos onthou en baklei? Onthou hulle hoe kwaad hulle vir hom is sodat hulle met hom kan baklei?

Hierdie is ook onthou. Maar nou is dit nie meer onthou hoe kwaad hulle vir hom is nie. Nou onthou hulle hoe kwaad moet hy vir hulle wees. Nou glo hulle hý gaan onthou en baklei, want nou is hy weer die sterkste. Daarom gee hulle maar vinnig oor. Hulle val voor hom neer en vra dat hy hulle maar sy slawe moet maak.

Hulle gee oor sodat hy nie met hulle kan baklei nie.

Dit is altyd hoe dit werk as 'n mens wil onthou hoe sleg mense met jou was sodat jy met hulle kan baklei. Solank as wat jy groter, sterker of meer is as iemand wat met jou sleg was, dan onthou jy sodat jy hulle kan seermaak.

Maar as hulle groter, sterker of meer is as jy, dan moet jy oorgee en voor hulle kruip en hulle slaaf wees. Dan kan hulle weer met jóú maak wat húlle wil.

Dit is hoe mense leef wat nie glo dat mense aan God behoort en dat God vir Sy kinders sorg nie: onthou en baklei, onthou en oorgee.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog